




# Die Koningin van Soweto: Die storie van Basetsana Kumalo...


Jessica Taylor
Afrikaans



Basetsana Makgalemele was gebore in Soweto. Sy was die derde dogter van haar ouers. Hulle het haar Basetsana genoem wat “meisie” beteken, maar almal het haar Bassie genoem. In die Tswana kultuur glo hulle dat jou volgende kind ’n seun sal wees as jy jou dogter vernoem na ’n “meisie”.
Net soos wat haar voorouers gesê het, het dit werklik so gebeur. Haar ouers se volgende kind, was ’n babaseuntjie.

Bassie was mal daaroor om alleen in haar kamer te sing en dans, al was sy 'n baie skaam meisie.
Op ’n dag ,by die skool se netbal oefening, het die afrigter vir twee meisies gevra om meisies te kies vir hulle netbal span. Bassie het op die punt van die veld gestaan hoopvol dat iemand vir haar sal vra “kom speel saam met ons!”.
Maar niemand wou haar in hulle span hê nie.
Min het hulle geweet dat Bassie een van die beroemdste mense in die land sou word.







Op naweke het sy, haar sussies en boeties hulle onderwyseres ma en busbestuurder pa gehelp om geld in te samel. Daar was toebroodjies gemaak om by die skool se sokker wedstryde te verkoop. Almal het saamgespan om die toebroodjies so vinnig as moontlik te verkoop, sodat hulle na die tyd saam met hulle maatjies rond kon baljaar.



Teen die ouderdom van 16 was sy ’n pragtige jong dame. Sy was so beeldskoon dat sy in een jaar twee skoonheidskompetisies gewen het: Miss Soweto en Mej. Swart Suid-Afrika. Bassie was nie net mooi aan die binnekant nie, maar aan die binnekant ook. Al was sy die skoonheidskoningin, het sy steeds omgegee vir haar gemeenskap.

Sy was ’n baie slim meisie. Sy het altyd hard gewerk en haar beste probeer, veral in haar gunsteling vak: Wetenskap. Al haar harde werk het afbetaal toe sy in matriek aankondig was as die top student vir Wetenskap, maar dit is nie al nie. Sy was ook die hoofmeisie van die skool. Hierdie skaam klein meisie was nou nie populêrste meisie in die hele skool.




Bassie se pa het hulle altyd aangemoedig om te lees. Eendag het hy haar verras met 'n boek: Die krag van Positiewe Denke. Sy het uit hierdie boek uit geleer dat optimisme die sleutel is om jou drome 'n werklikheid te maak. Haar groot droom was om om Mej. Suid-Afrika te word. Nie net het haar droom 'n werklikheid geword nie, maar sy was gekroon as die eerste prinses in die Mej. Wêreld kompetisie.





Bassie se ma was haar rolmodel. Sy het haar ma beskryf as 'n “hardwerkende Xhosa vrou”. Sy wou haar ma se voetspore volg en ’n onderwyseres word, maar dinge gaan nie altyd soos wat ons dit beplan nie! Nadat Bassie Mej. Suid-Afrika gewen het, het sy ’n TV- aanbieder geword. Sy het nie ’n onderwyseres geword nie, maar sy was baie hardwerkend. Haar beroep in die TV industrie het haar gelei om haar eie televisie produksies besigheid te begin. Sy was toe ’n suksesvolle besigheidsvrou.

Bassie se gesegde is: ”Vir wie daar baie gegee word, word baie verwag”. Sy glo dat jy ’n talent gegee word, sodat jy dit vir ander kan gee. Bassie het dit gedoen deur om vrywilligers werk te doen en haar tyd en geld te spandeer op ander. Sy is betrokke by projekte en organisasies om mense van haar gemeenskap te help. Een wat baie na aan haar hart is, is die Nelson Mandela Instituut.



Bassie en Mnr. Mandela was baie na aan mekaar. Toe sy Mej. Suid-Afrika gewen het, het hy vir haar ’n brierf geskryf om haar geluk te wens met haar prestasie. In die brief het hy haar “ons Koningin” genoem. Hulle het ’n passie gedeel vir kinders, onderwys en die geloof dat onderwys die nasie sal help veg teen armoede.



Bassie het haar geliefde Romeo Kumalo getrou en het bekend geword as Basetsana Kumalo. Saam het hulle die Romeo & Basetsans Kumalo Familie Organisasie gestig. Hierdie organisasie sorg vir weeskinders wat nie ma's of pa's het nie.



Bassie moes leer hoe om haar besige werk en familielewe te balanseer. Sy het nou haar eie besigheid, genoem Basetsana Vroue Beleggings. Sy en haar man het drie kinders: twee seuns en een dogter. Sy sien haar rol as ma vir haar kinders as haar “ hoogste roeping en grootste voorreg”.





Bassie sê dat die geheim vir sukses moed, vasberadenheid en passie is. Ten spyte haar sukses, bly sy nederig terwyl sy die wêreld ’n beter plek probeer maak. Om aan die buitekant mooi te wees, maak jou nie ’n mooi mens nie. Dit is ’n hart vol liefde en vrygewendheid. Dit is hoekom Bassie ons beeldskone koningin is.

# Die Koningin van Soweto: Die storie van Basetsana Kumalo...

Writer: Jessica Taylor
Illustration: Mia du Plessis
Translated By: Christine van Noordwyk
Language: Afrikaans

© Jessica Taylor, Mia du Plessis, Marli Fourie and bookdash.org, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY) Version 3.0 Unported Licence
Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Book Dash is a movement of volunteers working to create open-licensed books for young readers, and get these into the hands of children. See more at www.bookdash.org.

Saide
South African Institute for Distance Education
www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative